

HEMELVAART 2018: BEDINK DIE DINGE DAARBO?

KOLOSSENSE 3:1-4; WATERKLOOFKERK; 10 MEI 2018

Die verhaal van hemelvaart is goed bekend. Dalk te goed.

Daar word vertel dat Jesus se dissipels ontsteld was om te hoor dat Hy weggaan (Joh 14). Dalk kon hulle dink hy emigreer of so iets na die Grieke wat groter vrypraak en menings oor God en gode en filosofieë gehuldig het. Daar is juis so 'n suggestie in die Johannes-evangelie (Joh 12:20-21).

Maar in die verhaal van die hemelvaart (Hand 1 en veral Lukas 24:50-53) is die dissipels nie meer ontsteld nie maar tevrede en gelukkig: 'hulle het met groot blydschap teruggegaan'. Dit kan net wees dat hulle beter verstaan het wat hemelvaart is as baie Christene vandag. Ons is immers ook ontsteld as kinders of ouers emigreer Australië of Kanada toe. Maar as hulle nader trek, is ons baie bly.

Hemelvaart is nie verder wegtrek nie. Dis naderkom. Die Bybel gebruik die woord 'hemel' op verskillende maniere. Eerstens vir die groot blou uitspannel en die verwagting dat daar agter die woonplek van God is. Nou ons moderne mense weet dis heeltemal anders as wat die antieke mense gedink het.

Tweedens gebruik die Bybel die woord 'hemel' in plaas van die woord 'God'. Veral die Jode wou God se naam nie sommer net gebruik nie. Daarom sou hulle eerder sê 'die hemel weet' ipv as om te sê 'God weet'. In die hele evangelie van Matteus word gepraat van 'die koninkryk van die hemel' ipv 'die koninkryk van God'.

Die derde manier is om hemel of hemels te gebruik as God se manier van bestaan. Dis anders as ons menslike bestaan. Dis vir ons onverstaanbaar en onsienlik.

Dikwels word meer as een betekenis saam gebruik. Dan is dit nodig dat ons nie die eerste betekenis - na 'n spesifiek ruimte agter die blou gewelf as die enigste betekenis sal beskou nie maar sal verstaan dat die uitdrukking of dit nie aan 'n ruimte gekoppel word of nie eerder dui op 'n vorm van bestaan.

Dink nou maar aan 'n bestaanswyse in water. As mens vir 'n vissie sou kon vra 'Waar is die oseaan?' Dan sal die vissie dalk kan antwoord: 'Watter oseaan?' Die oseaan is so naby, so bo, en onder die vissie dat die vissie nie die oseaan kan sien nie! Ons kan ook nie God se hemelse bestaan sien nie. Daar's verse wat sê ons bestaan is in God – byna soos die vissie in die oseaan. 'God is nie ver van ons af nie, want deur Hom lewe ons, bestaan ons en beweeg ons' (Hand 16:27-28)

Dalk is God se bestaanswyse soos die golwe van selfone in die lug. Jy sien dit nie maar dit is daar. Dalk is dit soos suurstof en ander gasse in die lug. Ons sien dit nie maar asem dit in om te kan lewe. As jy egter van hoog bo die aarde of die maan kyk dan is die gasse rondom die hele

aarde en die son wat daarin skyn 'n wonderlike blou kleur . Ek dink mense sou dit destyds ook 'hemel' kon noem. God is soos die kosbare atmosfeer rondom die aarde. Ons kan dit nie sien nie maar dis orals hier rondom en by en in ons. Psalm 104 bely selfs dat as God sy asem onttrek kan niks bestaan nie.

Die Bybelverhaal suggereer self ook ons moet die weggaan misterieus verstaan. 'n Wolk neem Jesus weg. Wolke is mos sulke misterieuse goed. Dis waterdamp. Jy kan in 'n miswolk instap maar ek kan jou nie sien nie maar dikwels nog maklik hoor. Dwarsdeur die bybelse geskiedenis was wolke die simbool van God se misterieuse teenwoordigheid.

Wanneer Jesus deur die wolk van ons gesig af verdwyn, wanneer Jesus ten 'hemel vaar' beteken dit dat God vir Jesus in sy soort bestaan, in sy 'hemelse' bestaanswyse opneem. Die hemelvaart of 'na God gaan' maak ons bly want nou kan ons glo dat Jesus soos God orals en naby is. Of ons nou in Pretoria of in Perth of waar ookal woon, God en Jesus is naby en teenwoordig.

Maar nou sal iemand dalk kan vra waarom praat die Bybel van 'bedink die dinge wat daarbo' is?

Kom ons lees die gedeelte in Kolossense 3:1-4. In die Lutherse kerk is dit die teks wat mens op hemelvaart behoort te lees.

Kol 3: 1-4

Toe Francois Pienaar saam met Pres Mandela na die wedstryd in 1995 op die wenpodium staan om die wêreldbeker van rugby te ontvang het, het hy namens ons daar gestaan. Francois sou ook sê: 'Ons het dit vir julle gedoen'. En ons sê 'Ons het gewen!' al het ons nie eens aan die bal gevat nie.

Die antieke mens het die gedagte van 'n korporatiewe persoonlikheid goed geken. As die koning uit die stad stap om met die vyand te onderhandel was almal se lewe en lot in die koning saamgevat. Sou hy slaag, sal hulle lewe. Sou hy misluk en hulle hom doodmaak, was almal dood.

So iets bedoel Paulus as hy skryf 'Christus het vir ons gesterf en opgestaan'. Christus het vir ons gewen. Ons – ek en jy - is in Christus inbegrepe: ons is in hom ingedoop, God reken ons as deel van Christus. Sy oorwinning is ook ons oorwinning.

Paulus vra nou bedink die dinge daarbo. Neem hierdie gebeure van Christus as jou vertrekpunt in die lewe. Dis waaruit 'n mens moet leef en dink. Dis ons oriëntasiepunt.

Meer as dat ons destyds moes dink oor daai beker en wen bo-op die podium. Ons kan dink ons as 'n klein nasie kan bymekaarstaan en die oorwinning behaal. Moenie die probleme as uitgangspunt neem nie, neem die suksesse. Christus het oorwin. Ons het deel aan Hom. Bedink nou wat dit alles vir jou lewe en keuses inhou.

Om wat 'bo' is te bedink beteken glad nie ons moet nou in 'n soort hemel ver van die aarde probeer leef nie. Ons moenie bedink wat die hemel se troon sou wees en hoeveel engele daar op lere en goed rondstaan en wat hulle sing ens nie! Trouens dit beteken allermens ons moet nou wêreldmyding nastreef en die beste bewys hiervan is die res van die Kolossensebrief self.

Die hele brief gaan verder en wys wat dit beteken as ek die dinge bedink van Christus bo-op die oorwinnaarspodium. Christus het hom nie meer gesteur aan al die aardse en wettiese goed nie, hy

is dood daarvoor en as ons dit as oriëntasiepunt neem, is ons wat in hom inbegrepe is, ook dood vir enige verdere godsdienstige wette. Wanneer ons Christus se moed en liefde bedink en weet ons het deel aan Hom, steur ons ons nie langer aan al die grense wat mense tussen rasse, geslagte en klasse maak nie – Kol 3:11-15.

As jy dinge van Christus wat 'bo' by God is – bo is by God maar nie bo en ver anderkant die sterre nie – bedink, dink jy hoe dit in God se betaanswyse is, wat God se 'hemelse' wil is. Dit gee dit vir ons rigting aan hoe ons nou kan lewe in Christus. Dit bepaal wat belangrik is en wat nie. Hemelvaart bring vir ons krag en perspektief vir die lewe op aarde.

AvN Pinkstertyd 2018